PSALM 124 124



2 So *het die* Heer ons *ondergang ver*hoed.
Die *wrede* vyand *was 'n* watervloed.
Ge*wis en* seker *het ons omge*kom
as *ons al*leen moes *klaarkom sonder* Hom.
Hul *aanvals*woede *was 'n* vlammegloed.

3 Die *ganse* skepping *het deur Hom ont*staan;
die *vyand* is deur *daardie* krag verslaan.
Hy *het ons* voor die *vyand laat ont*glip
soos *voêls ont*snap uit *'n gebreekte* wip.
Hy *is ons* hulp, Hy *het ons* bygestaan.

Teks: T T Cloete 2001
Melodie: *Or peut bien dire Israel maintenant* - Loys Bourgeois, Genève 1551; ritmies aangepas 1937

© Bybel-Media 2022. Alle regte voorbehou. Aanlyn beskikbaar by www.missio.org.za